

NOTICE 101/2020/2021

PROPOSED OUT-OF-HAND ALIENATION OF A PORTION ($\pm 354 \text{ m}^2$ IN EXTENT) OF REMAINDER ERF 551, DARLING

Notice is hereby given in terms of the Council's By-law and Policy relating to the Management and Administration of Immovable Property (PN 6067 of 2003) that the Council has granted approval for a portion ($\pm 354 \text{ m}^2$ in extent) of remainder erf 551, Darling to be alienated and transferred out-of-hand to CLB Eiendomme (Pty) Ltd, for consolidation with erf 4373, on which the manufacturing plant of Darling Romery is operated.

The property concerned is regarded a 'non-viable asset' in that it cannot be developed on its own or function as a separate entity. The purchaser wants to incorporate it into erf 4373 to improve the mobility of trucks on the premises of Darling Romery.

In addition to the purchase price of R14 200,00 (VAT excluded) the purchaser shall also be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including advertisement costs, transfer costs and costs related to the relevant land use applications (including rezoning) as well as the costs of consolidation.

Any comments and/or objections to the proposed alienation of the said portion of remainder erf 551, Darling must be put in writing and directed to the Municipal Manager, Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury 7299 by no later than 15:45 on 18 June 2021. Enquiries in this regard may be directed to Ms Madelaine Terblanche at 022-487 9400.

**J J SCHOLTZ
MUNICIPAL MANAGER**

**MUNICIPAL OFFICES
PRIVATE BAG X52
MALMESBURY
01 JUNE 2021**

KENNISGEWING 101/2020/2021

VOORGENOME UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE (GROOT $\pm 354 \text{ m}^2$) VAN RESTANT ERF 551, DARLING

Kennis geskied hiermee in terme van die Raad se Verordening en Beleid insake die Bestuur en Administrasie van Munisipale Onroerende Eiendom (PK 6067 van 2003) dat die Raad goedkeuring verleen het dat 'n gedeelte (groot ongeveer 354 m^2) van restant erf 551, Darling uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra mag word aan CLB Eiendomme (Edms) Bpk, vir konsolidasie met erf 4373, waarop die vervaardigingsaanleg van Darling Romery bedryf word.

Die betrokke eiendom word beskou as 'n 'nie-bestaanbare bate' deurdat dit nie op sigself ontwikkel of as afsonderlike entiteit kan funksioneer nie. Die koper wil die gedeelte grond inkorporeer by erf 4373 om die mobiliteit van trokke op die perseel van Darling Romery te verbeter.

Die koper sal – benewens die koopprys ten bedrae van R14 200,00 (BTW uitgesluit) – ook verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit,

ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (waaronder hersonering) asook kostes van konsolidasie.

Enige kommentaar en/of beswaar teen die voorgename vervreemding van die betrokke gedeelte van restant erf 551, Darling moet op skrif gestel en gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury 7299 teen nie later nie as 15:45 op 18 Junie 2021. Navrae in die betrokke verband kan gerig word aan Me Madelaine Terblanche by 022-487 9400.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTURDER

MUNISIPALE KANTORE
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY
01 JUNIE 2021